Universiteit van Pretoria Jaarboek 2018

Fisioterapie 101 (FTP 101)

Kwalifikasie	Voorgraads
Fakulteit	Fakulteit Gesondheidswetenskappe
Module-inhoud	Algemene inleiding en oriëntering tot fisioterapie, PBL-vaardighede en bewysgebaseerde benadering tot fisioterapie. Inleiding tot biomeganika, terminologie, passiewe bewegings, meting van omvang van beweging, kliniese besoeke en pasiënthantering. Kinetika: asse, vlakke, hefbome, effek van swaartekrag op die menslike liggaam. Toegepaste elektrobiomeganika: Inleiding tot straling, hoëfrekwensie, ultraklank, kortgolf-diatermie, laser, ultraviolet, infrarooi straling. Inleiding tot manuele terapie: algemene inleiding tot massering, evaluering van sagte-weefsel, tipes massering, effekte en gebruike, modaliteite, toepassing op menslike liggaam. Menslikebewegingswetenskap: inleiding tot biomeganika, studie van menslike beweging, funksionele evaluering, spiertoetsing, tipes spierwerk, kinematika: analise van beweging, motoriese beheer en postuur, eienskappe van normale beweging. Toegepaste elektrobiomeganika, Inleiding tot mediumfrekwensiestrome, Russiese strome. Pulmonologie. Let wel: Fisioterapie word op ‘n probleemgebaseerde en geïntegreerde wyse aangebied.
Modulekrediete	10.00
Programme	BPhysio Fisioterapie
Kontaktyd	1 webgebaseerde periode per week, Gemeenskapsbetrokkenheid, 4 praktiese sessies per week, 3 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Departement	Fisioterapie
Aanbiedingstydperk	Jaar

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.